# PHAROS GEMEENSKAPSENTRUM

*Januarie 2026*

**Liewe Gemeenskap,**

Ons harte is vol dankbaarheid terwyl ons terugkyk op 'n wonderlike 2025 en met groot verwagting vorentoe kyk na 2026!

## KERSFEES PROJEKTE - 'N GROOT SUKSES!

Dit was 'n voorreg om saam met julle die vreugde van Kersfees te deel deur verskeie betekenisvolle projekte.

### ONS IMPAK IN 2025:

- **100 Kospakkies** uitgedeel op Kersdag
- **65 Kersfees kospakkies** is aan die Lifeskills manne uitgedeel
- **126 kinders** is toegerus met skryfbehoeftes

## SKRYFBEHOEFTES PROJEK

Ons kon 126 (42 van Laerskool Garsfontein en 122 verskeie CMR kantore) kinders toerus met die nodige skryfbehoeftes vir die nuwe skooljaar. Die blydskap op hulle gesigte toe hulle hul pakkies ontvang het, was werklik onbetaalbaar. Dankie aan almal wat bygedra het om hierdie kinders se skooljaar makliker te maak.





## LIFESKILLS KERSFEES PAKKIES

Ons kon 65 kospakkies aan die minderbevoorregte individue wat weekliks die Lifeskills program bywoon uitdeel. Die dankbaarheid en vreugde op hulle gesigte was ontroerend - baie het trane in hul oë gehad en het ons hande vasgehou om hul opregte dankbaarheid te wys. Dit was 'n voorreg om hierdie spesiale oomblik met hulle te deel. Elke persoon wat ons gehelp het om pakkies te pak en uit te deel, ons waardeer julle opreg.

## KERSKOGGEND KOSPAKKIES

Die Kerskoggend was 'n besondere hoogtepunt! Ons kon 100 kospakkies uitdeel aan individue in nood en saam die ware gees van Kersfees vier. Die gemeenskap se vrygewigheid en bereidwilligheid om saam met ons uit te deel het dit moontlik gemaak om talle individue se Kersdag spesiaal te maak.



## HARTLIKE DANK

Aan elke persoon wat op enige manier betrokke was - of dit deur donasies, vrywilligerswerk, gebed of aanmoediging was - ons waardeer julle opreg.
**Julle is die hart van hierdie Gemeenskapsentrum,** en sonder julle sou ons nie kon doen wat ons doen nie.

## MET VERWAGTING NA 2026

Terwyl ons 2026 instap, is ons opgewonde oor die geleenthede wat voorlê! Mag 2026 vir ons almal 'n jaar van seën, groei en samewerking wees!

Ons bly toegewyd daaraan om ons gemeenskap te dien en lewens te verander. Met julle ondersteuning en betrokkenheid kan ons nog meer bereik.

Ons beplan om ons bestaande programme uit te brei en nuwe inisiatiewe te begin wat die behoeftes van ons gemeenskap sal aanspreek.

**Saam kan ons 'n verskil maak!**



# WEES DEEL VAN DIE VERSKIL IN 2026!

Raak betrokke en help jou gemeenskap:

### WORD 'N VRYWILLIGER

Sluit aan by ons span vrywilligers en maak 'n direkte impak in jou gemeenskap. Ons soek mense wat geesdriftig is om te help met projekte, gebeurtenisse, en daaglikse aktiwiteite.

### MAAK 'N DONASIE

Jou finansiële bydrae help ons om meer mense te bereik en ons programme uit te brei. Elke bydrae, groot of klein, maak 'n regte verskil.

### BID VIR ONS

Jou gebede is waardevol! Bid vir ons span, die mense wat ons dien, en die werk wat ons doen.

## KONTAK ONS

**012 993 5906**

**www.pharos.org.za**

**info@pharos.org.za**

**Pharos Gemeenskapsentrum**

**777 Jacqueline rylaan, Garsfontein, PTA**

**Maandag - Donderdag: 08:00 - 16:00**
**Vrydae: 8:00 - 13:00**

***Besoek of kontak ons gerus vir meer inligting oor hoe jy betrokke kan raak!***

# Waar *woorde* dade word...